MEDICAL PROCEEDINGS

MEDIESE BYDRAES

A South African Journal for the Advancement of Medical Science

'n Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Bevordering van die Geneeskunde

P.O. Box 1010 · Johannesburg | Posbus 1010 · Johannesburg

Vol. 4 | 5 April 1958 | No. 7

REDAKSIONEEL · EDITORIAL

DIE DURBANSE MEDIESE SKOOL EN DIE SWAARD VAN DAMOKLES

'n Belangrike debat oor die bestemming van die Durbanse Mediese Skool het plaasgevind op die ses-en-sestigste vergadering van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Raad wat verlede maand in Kaapstad gehou is.

Die debat het voortgespruit uit 'n besluit van die Uitvoerende Komitee om nie getuienis voor die Kommissie insake die Afsonderlike Universiteitsopleiding-wetsontwerp af te lê nie omdat die Uitvoerende Komitee geadviseer is en self die mening huldig dat die oordrag van die Durbanse Mediese Skool nie binne die bestek van die Wetsontwerp val nie.

In die loop van die debat het prof. I. Gordon (dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van Natal) voorgestel dat, met die oog op die ontwikkelings wat plaasgevind het sedert die Uitvoerende Komitee sy jongste besluit geneem het, die Geneeskundige Raad getuienis voor die Kommissie moet aflê. Hy het die aandag van die Raad gevestig op 'n verklaring wat op 4 Februarie deur die Edelagbare Waarnemende Minister van Onderwys in die Volksraad gedoen is, nl. dat die Regering van plan is om die Mediese Skool onder die beheer van 'n Staatsdepartement te plaas.

Die debat is beëindig toe die volgende amendement, voorgestel deur dr. Maurice Shapiro (Johannesburg), deur die Raad aanvaar is:

„Dat 'n afvaardiging na die Ministers van Gesondheid en Onderwys gestuur moet word om 'n verduideliking te verkry van die verklaring wat op 4 Februarie 1958 deur die Waarnemende Minister van Onderwys in die Volksraad gedoen is, nl. dat die Regering voornemens is om die beheer van die Durbanse Mediese Skool van die Universi-

THE DURBAN MEDICAL SCHOOL AND THE SWORD OF DAMOCLES

At the sixty-sixth meeting of the South African Medical Council in Cape Town last month, an important debate took place on the fate of the Durban Medical School.

This arose from a resolution of the Executive Committee not to give evidence before the Commission on the Separate University Education Bill, because the Executive Committee had been advised and was of the view that the transfer of the Durban Medical School did not come within the scope of the Bill.

In the debate Prof. I. Gordon (Dean of the Faculty of Medicine in the University of Natal) moved that, because of developments since the Executive Committee had taken its last resolution, the Medical Council should give evidence before the Commission. He drew the attention of the Council to a statement made by the Hon. the Acting Minister of Education on 4 February in the House of Assembly that the Government intended to transfer the Medical School to the control of a State department.

The debate was resolved by the adoption by the Council of the following amendment moved by Dr. Maurice Shapiro (of Johannesburg):

'That a deputation be sent to the Ministers of Health and Education in order to obtain clarification of the statement made by the Acting Minister of Education in the House of Assembly on 4 February 1958 that it was the intention of the Government to transfer the control of the Durban Medical School from the University of Natal to a Department of State. If it is the Government's intention to legislate in this direction under the provisions of the Separate University Education Bill, the deputation shall take the necessary steps to give evidence to the Commission; alternatively,

teit van Natal na 'n Staatsdepartement oor te dra. Indien dit die Regering se plan is om wetgewing in hierdie verband kragtens die bepalings van die Afsonderlike Universiteitsopleidingwetsontwerp in te dien, sal die afvaardiging die nodige stappe doen om getuienis voor die Kommissie af te lê; so nie, indien die Regering voornemens is om wetgewing in te dien om die Durbanse Mediese Skool op 'n ander manier na 'n Staatsdepartement oor te dra, sal die afvaardiging weer eens die Raad se menings in hierdie verband onder die aandag van die Minister bring.'*

In die loop van die debat het prof. Gordon die Raad meegedeel dat op 'n vergadering van die Fakulteit van Geneeskunde wat op 5 Maart 1958 gehou is, 91 van die 92 lede wat teenwoordig was (een het nie gestem nie) opnuut bevestig het dat hulle nie hul onderrigwerk gaan voortsit indien die Mediese Skool van die Universiteit geskei of in 'n staatsbeheerde inrigting omgeskep word nie.

Hy het ook geopenbaar dat die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee van die Natalse Provinsiale Raad besluit het ,dat die Administrasie nie bereid is om 'n ooreenkoms oor die gesamentlike instandhouding van die Mediese Skool met enige onderwysowerheid behalwe die Universiteit van Natal aan te gaan nie. Dit is 'n saak van fundamentele beleid.'

Dit is tans duidelik dat veel meer as die Universiteit van Natal by die saak betrokke is. Die Natalse Provinsiale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Raad en die mediese professie wat die Fakulteit en die onderrighospitaal van die nodige personeellede voorsien, is ewe seer daarmee gemoei. Nie alleen is die verwikkeling van die hele mediese professie in Natal (en miskien ook in die res van die land) nou 'n voldonge feit nie, maar ons staan van aangesig tot aangesig met die onstigtelike vooruitsig dat die Regering geen professionele samewerking van die huidige personeel sal ontvang as hy op die uitvoering van sy voorgestelde plan aandring nie. Dit beteken 'n algehele opvoedkundige *impasse,* want nòg die mediese professie nòg die Natalse Provinsiale Administrasie is bereid om hierdie of enige ander regering te help om die Durbanse Mediese Skool met die dwangbuis van staatsbeheer te kniehalter nie.

Hoewel die vooruitsienbare gevolge van die Regering se plan benadruk is, weet niemand waar die saak gaan eindig nie. Die beskikbaarstelling van hospitale is 'n funksie van die provinsiale owerheid, en ons verkondig slegs die vanselfsprekende as ons sê dat mediese

* Die sienswyses en vroeëre optrede van die Raad in hierdie saak is gerapporteer in hierdie Tydskrif op 30 Maart 1957 (bl. 163) en op 22 Februarie 1958 (bl. 86).

if it is the Government's intention to legislate for the transfer of the Durban Medical School to a State Department in some other way, the deputation shall reiterate to the Ministers the views of the Council thereanent.' *

In the course of the debate, Professor Gordon disclosed to the Council that at a meeting of the Faculty of Medicine held on 5 March 1958, 91 of 92 members present (there was one abstention) re-affirmed their resolve not to continue teaching activities if the Medical School were separated from the University or converted into a State-controlled institution.

He also disclosed that the Administrator-in-Executive of the Natal Provincial Council had resolved ' that the Administration will not be prepared to enter into an agreement for the joint maintenance of the Medical School with any educational authority other than the University of Natal. This is a matter of fundamental policy '.

It is now clear that much more than the University of Natal is involved. Concerned in equal measure are the Natal Provincial Administration, the South African Medical and Dental Council and the medical profession which staffs the Faculty and the teaching hospital.

Moreover, not only is the embroilment of the whole of the medical profession in Natal (if not in the rest of the country) now a reality; but we are also faced with the unedifying prospect that the Government will obtain no professional co-operation from the present establishment if it insists on carrying through its proposed plan. This means a total educational *impasse,* as neither the medical profession nor the Natal Provincial Administration will join with this or with any other Government in imposing the strait-jacket of State-control on the Durban Medical School.

Although the foreseeable consequences of the Government's undertaking have been stressed, no one can tell where the matter may yet go. The provision of hospitals is the function of the provincial authorities, and it is a glimpse of the obvious that medical students cannot be taught without hospitals (let alone without the co-operation of the medical profession).

The occasion is clearly one for statesmanship. We would therefore once again enjoin upon the Cabinet the wisdom of shedding preconceived notions and approaching this dispute in a non-partisan spirit, exhibiting an

* The views and the previous actions of the Council in this matter have been reported in this Journal on 30 March 1957 at p. 163 and on 22 February 1958 at p. 86.

studente nie opgelei kan word sonder hospitale, om nie eens van die medewerking van die mediese professie te praat nie.

Dis by uitstek 'n geleentheid waar staatsmanswysheid aan die dag gelê behoort te word. Derhalwe wil ons dit die Regering weer eens op die hart druk hoe verstandig dit sal wees om vooropgesette menings te laat vaar, om die geskil in 'n nie-partydige gees te benader, en om 'n deeglike begrip te verkry van die ernstige akademiese kwessies wat by die saak betrokke is. Sodanige verstandige leierskap aan die kant van die Regering sal die onverdeelde steun van die mediese professie in Suid-Afrika geniet.

Die Durbanse Mediese Skool ressorteer onder die bestes in die land. Die reputasie daarvan is reeds spreekwoordelik in universiteitskringe, en dis 'n toonstuk wat die wêreld met bewondering kan betrag. Die personeel het sy verpligtinge teenoor die Regering lojaal en stiptelik nagekom. Watter voorbehoude daar ook al in sekere kringe was oor die beginsel van apartheid, soos erken in die beleid van huishoudelike, interne segregasie ten opsigte van die mediese opleiding van ongegradueerdes aan die Universiteit, is die Regering se wense in hierdie verband nooit in die wiele gery nie; trouens, daar is volledige en getroue uitvoering aan daardie wense gegee. Die geskil gaan derhalwe nie oor die skending van enige ideologiese beginsel waaraan die Regering sy steun toegesê het nie. Dit is ook nie 'n politieke rassevraagstuk nie. Dit is die aard van die administratiewe beheer van 'n universiteitsinrigting wat op die spel is. Die stryd gaan om die behoud van sy akademiese kwaliteit sodat sy unieke karakter nie vernietig sal word nie. Om eensydig te volhard 'n vasberadenheid om hierdie universitêre mediese skool in 'n onderdeel van die burokratiese hiërargie van die staatsdiens te omskep, kan alleen onrus, afkeur en weerstand aan universiteitskringe en die mediese professie ontlok.

Alle moontlike pogings behoort aangewend te word om die saak tot 'n nie-politieke besprekingspeil te verhef. Dit kan gedoen word, want geen partypolitieke beginsel is in die gedrang of word bedreig nie.

Ons het reeds daarop gewys† dat die voorgestelde plan sonder betekenis is. Die uitvoering daarvan kan nie moreel geregverdig word nie. Die beweegredes bly duister. Die voordele daarvan is nog nooit verduidelik en is vir niemand begryplik nie. Waarom, dan, moet die glorierykheid van 'n groot akademiese prestasie verruil word vir iets wat geen vordering of baat kan meebring nie, en wat slegs tweedrag en 'n ramp tot gevolg kan hê?

BRITSE BEURS VIR NAGRAADSE KLINIESE STUDIE

Verlede jaar het ses Britse farmaseutiese firmas saamgespan om 'n beurs ter waarde van £600 vir nagraadse kliniese studie in die Verenigde Koninkryk gedurende 'n minimum-tydperk van 3 maande tot beskikking van 'n Suid-Afrikaanse algemene praktisyn te stel.

† Redaksioneel (1958): Hierdie Tydskrif, 22 Februarie, bl. 85.

awareness of the grave academic issues involved. Such wise leadership on the part of the government will have the undivided support of the medical profession in South Africa.

The Durban Medical School ranks with the finest in any country. It has become a byword in University circles and a show-piece for the world to look upon with admiration. Its staff have carried out their obligations to the government loyally and meticulously. Whatever reservations there may have been in certain quarters about the principle of *apartheid* recognized in the policy of domestic, internal segregation at the University in respect of under-graduate medical education, the government's wishes in this matter have never been crossed; indeed, they have been discharged fully and faithfully. The dispute therefore involves no infringement of any ideological principle to which the government adheres. There is no political racial issue here. It is the nature of the administrative control of a university institution which is at stake. The fight is to preserve its academic quality so that its unique character will not be destroyed. To press on unilaterally with a determination to convert this University Medical School into a component of the bureaucratic hierarchy of the public service will ensure only disquiet, disapproval and opposition in University circles and the medical profession.

Every effort must be made to lift the matter to a non-political level of discussion. This can be done because no party-political principle is being challenged or threatened. We have already pointed out† that the proposed undertaking is pointless. Its implementation cannot be morally justified. Its motivation remains obscure. Its advantages have never been articulated and are apparent to none. Why then must the glory of a great academic achievement be exchanged for something which cannot prosper or profit and which can only bring dissension and disaster in its wake?

BRITISH BURSARY FOR POST-GRADUATE CLINICAL STUDY

Last year six British pharmaceutical houses combined to make available, to a South African general practitioner, a bursary to the value of £600 for post-graduate clinical study in the United Kingdom, for a minimum period of 3 months.

† Editorial (1958): This Journal, 22 February, p. 85.

Die borge van die beurs was:
B.P.D. (South Africa) (Pty.) Ltd.;
British Drug Houses (South Africa) (Pty.) Ltd.;
Distillers Corporation (Biochemicals) Ltd.;
Evans Medical Supplies Ltd.;
I.C.I. South Africa (Pharmaceuticals) Ltd.;
The Crookes Laboratories Ltd.

Die beurs is deur bogenoemde organisasies beskikbaar gestel op die tydstip toe die Tweerigting-handelsveldtog tussen die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika van stapel gestuur is, en die bedoeling van die borge was dat die beurs as simbool moet dien van die wederkerige belange van die twee soewereine state, op 'n professionele peil, in die sfeer van farmakologiese navorsing en nagraadse kliniese opleiding. Die keurkomitee het bestaan uit: prof. G. A. Elliott; prof. F. Forman; prof. S. F. Oosthuizen; dr. H. A. Shapiro (*Voorsitter*); dr. M. Shapiro en dr. M. M. Suzman.

Op 'n voltallige vergadering van die Keurkomitee is dr. G. W. Schepers, 'n algemene praktisyn van Johannesburg, aangestel. Dr. Schepers aanvaar sy aanstelling as beurshouer in April vandeesjaar in die hoedanigheid van kliniese assistent van prof. I. Aird aan die Nagraadse Skool, Hammersmith, Londen.

By geleentheid van die vertrek van die eerste beurshouer kragtens hierdie skema is dit vir ons 'n voorreg om die volgende boodskap van prof. S. F. Oosthuizen, M.D., F.R.C.P. (Edin.), F.F.R., te publiseer:

'As Voorsitter van die Mediese Navorsingskomitee van die Raad vir Wetenskaplike en Industriële Navorsing verwelkom ek die geleentheid wat geskep word deur die beskikbaarstelling van die Britse Beurs vir Nagraadse Kliniese Studie.

In die akademiese sfeer is daar 'n aansienlike aantal toekennings vir nagraadse navorsing. Hierdie Beurs is egter 'n pioniersonderneming want, vir die eerste keer in die geskiedenis van ons land, stel dit 'n toekenning vir nagraadse kliniese studie spesiaal tot beskikking van die algemene praktisyn.

Die beurshouer wat kragtens hierdie skema aangestel is, sal nie alleen die jongste ontwikkelinge op die gebied van die diagnose en behandeling van siekte na die sfeer van algemene praktyk terugbring nie; inderdaad sal hy ook 'n belangrike gesant vir Suid-Afrika wees.

Beurse van hierdie aard open die weg tot toenemende intellektuele verkeer tussen Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk, en dien as aanmoediging vir die uitwisseling van mediese en wetenskaplike inligting op 'n persoonlike grondslag. Dit kan slegs tot onderlinge voordeel van albei lande strek.'

The sponsors of the bursary were:
B.P.D. (South Africa) (Pty.), Ltd.;
British Drug Houses (South Africa) (Pty.), Ltd.;
Distillers Company (Biochemicals), Ltd.;
Evans Medical Supplies Ltd.;
I.C.I. South Africa (Pharmaceuticals), Ltd.;
The Crookes Laboratories, Ltd.

The bursary was introduced by the sponsoring organizations at the time of the Two-Way Trade Campaign between the United Kingdom and South Africa. The sponsors intended the bursary to mark the reciprocal interests of the two Sovereign States, on a professional level, in the field of pharmacological research and post-graduate clinical training.

The Selection Committee consisted of: Prof. G. A. Elliott; Prof. F. Forman; Prof. S. F. Oosthuizen; Dr. H. A. Shapiro (*Chairman*); Dr. M. Shapiro and Dr. M. M. Suzman.

At a full meeting of the Selection Committee, Dr. G. W. Schepers (a general practitioner of Johannesburg) was appointed. Dr. Schepers will take up his appointment as a bursar in April this year, in the capacity of a clinical assistant to Prof. I. Aird, at the Post-Graduate School, Hammersmith, London.

We are privileged, on the occasion of the departure of the first Bursar under this scheme, to publish the following message from Prof. S. F. Oosthuizen, M.D., F.R.C.P. (Edin.), F.F.R.:

'As Chairman of the Medical Research Committee of the C.S.I.R., I welcome the opportunity provided by the establishment of the British Bursary for Post-Graduate Clinical Study.

In the academic field, there is a considerable number of awards for post-graduate research. This Bursary is, however, a pioneering undertaking because it makes available, for the first time in the history of our country, an award for post-graduate clinical study specially earmarked for a general practitioner.

The Bursar appointed under this scheme will not only bring back to the field of general practice the latest developments in the diagnosis and treatment of disease; he will also, in fact, be an important ambassador for South Africa.

Bursaries of this kind pave the way for increasing intellectual traffic between South Africa and the United Kingdom and encourage the exchange of medical and scientific information on a personal basis. This can only be mutually advantageous to both countries.'

CHLOROTIASIED

'N URINE-AFSKEIMIDDEL MET 'N DUBBELE EFFEK

Die koms van 'n nuwe mondelinge niekwikhoudende urine-afskeimiddel is ingelui deur 'n stroom van sorgvuldig gekontroleerde kliniese verslae in sulke bekende publikasies

CHLOROTHIAZIDE

A DOUBLE-DUTY DIURETIC

The advent of a new oral non-mercurial diuretic has been ushered in by a veritable 'rash' of carefully controlled clinical reports in such well-known publications as, *inter alia*,

soos, onder meer, die *Journal of the American Medical Association,* die *British Medical Journal, The Lancet,* die *New England Journal of Medicine* en die *Boston Medical Quarterly.*

Chemies is chlorotiasied (ook bekend as Chlotride, Saluric en Diuril) 6–chloro–7–sulfamiel—1, 2, 4–bensotiadiasien–1, 1–dioksied. Die struktuur daarvan word aangedui in Tekening 1, wat ook die struktuur van die verwante samestellings aantoon:

Hierdie samestelling word as 'n sulfonamied geklassifiseer omdat dit die SO_2NH_2 (sulfamiel)-radikaal bevat. Dit is egter nie 'n sulfanilamied-samestelling nie, want dit het 'n heeltemal verskillende chemiese struktuur en hoegenaamd *geen* bakteriebestrydende bedrywigheid nie. Chlorotiasied is 'n bensotiadiasien-derivaat, en verskil chemies van sulfanilamied.

Chlorotiasied bevat geen kwik nie.



Tek. 1. Bo, links: Chlorotiasied; *Bo, regs:* Sulfinilamied. *Onder links:* Asetasolamied; *Onder, regs:* Organiese kwikhoudende middel.

Fig. 1. Top left: Chlorothiazide; *Top right:* Sulphanilamide. *Bottom left:* Acetazolamide; *Bottom right:* Organic mercurial.

Talle uiteenlopende navorsingswerkers skyn heelhartig saam te stem dat chlorotiasied 'n kragtige effek het en in staat is om opvallende veranderings in die serum-elektrolitiese patroon teweeg te bring.

Dit is gebruik vir die behandeling van gevorderde toestande van vloeistofbehoud voortspruitende uit hartversaking, sirrose van die lewer, die nephrosis-sindroom, chroniese nierkwaal, die toksemie van swangerskap en steroïed-edeem. Die gebruik daarvan word nie aangedui in gevalle van glaukoom of epilepsie nie.

In 'n inleidingsartikel in die *British Medical Journal*[1] van 7 Desember 1957 word verklaar:

'Daar bestaan 'n dringende behoefte aan 'n doeltreffende mondelinge urine-afskeimiddel . . . 'n farmakologies oorspronklike stap was die opvolging van die waarneming dat sekere sulfonamiede as stremmers van koolsuuranhidrase optree.'

In die vordering wat in hierdie navorsingsrigting gemaak is, is chlorotiasied uiteindelik deur Novello en Sprague[2] opgebou. By die mens het die middel 'n urine-afskeidingseffek, want dit verhoog die afskeiding van chloried wat vergesel gaan van 'n byna ekwimolêre verlies van natrium. Dus, terwyl dit dieselfde effek as organiese kwikhoudende stowwe het vir sover dit die afskeiding van chloried betref, verskil dit van hulle omdat dit 'n afskeiding

1. Redaksioneel (1957): Brit. Med. J., **2,** 1355.
2. Novello, F. C. en Sprague, J. M. (1956): J. Amer. Chem. Soc., **79,** 2028.

the *Journal of the American Medical Association,* the *British Medical Journal, The Lancet,* the *New England Journal of Medicine* and the *Boston Medical Quarterly.*

Chemically, chlorothiazide (also known as Chlotride, Saluric, Diuril) is 6–chloro–7–sulphamyl–1, 2, 4–benzothiadiazine–1, 1–dioxide. Its structure is indicated in Fig. 1, which also shows the structure of related compounds.

This compound is classed as a sulphonamide because it contains the SO_2NH_2 (sulphamyl) radicle. However, it is not a sulphanilamide compound, having a completely different chemical configuration and having *no* antibacterial activity. Chlorothiazide is a benzothiadiazine derivative and differs chemically from sulphanilamide.

Chlorothiazide does not contain mercury.

The opinion of numerous and varied investigators seems in agreement on the point that chlorothiazide is potent and capable of causing striking changes in the serum electrolyte pattern.

It has been used in the treatment of advanced states of fluid retention resulting from heart failure, cirrhosis of the liver, the nephrotic syndrome, chronic renal disease, the toxaemias of pregnancy and steroid oedema. It is not indicated in glaucoma or epilepsy.

As an Editorial in the *British Medical Journal*[1] of 7 December 1957 points out:

'The need for an effective oral diuretic is urgent. . . . A pharmacologically original step was to follow up the observation that certain sulphonamides are carbonic anhydrase inhibitors.'

In the progress of this line of research, chlorothiazide was eventually synthesized by Novello and Sprague.[2] In Man, the drug is diuretic by enhancing the excretion of chloride, which is accompanied by an almost equi-molar loss of sodium. Thus, while resembling organic mercurials in chloride excretion, it differs from them in producing an excretion of sodium and chloride in physiological proportion—hence its designation as a saluretic agent.

The mode of action of chlorothiazide appears to be different from that of other known

1. Editorial (1957): Brit. Med. J., **2,** 1355.
2. Novello, F. C. and Sprague, J. M. (1956): J. Amer. Chem. Soc., **79,** 2028.

van natrium en chloried in 'n fisiologiese verhouding tot gevolg het. Dis dan ook die rede waarom dit 'n saluretica genoem word.

Die werkwyse van chlorotiasied verskil skynbaar van dié van ander bekende samestellings. Terwyl dit 'n koolsuuuranhidrase-stremmingseffek *in vitro* het, skyn dit asof die uitwerking daarvan hoofsaaklik toegespits is op die voorkoming van die her-absorpsie van natrium, chloried en water in die buise. ‚Temeer, daar is bevind dat die effek daarvan as aanvullend beskou kan word tot dié van meralluried of 'n koolsuuranhidrase-stremmer'[3] of albei, en dat dit indikatief van verskillende plekke en werkswyses is.[4]

Chlorotiasied werk vinnig (binne ongeveer 2 uur), en die effek van 'n dosis duur tussen 10 en 12 uur lank. Die maksimum-effek word binne die eerste 2 tot 6 uur waargeneem. Daar word beweer dat dit nie alleen kragtiger as ander mondelinge urine-afskeimiddels is nie, maar dat die effek daarvan ook vergelyk kan word met dié van perenterale organiese kwikhoudende middels. Temeer, daar word gerapporteer dat dit goeie urine-afskeiding tot gevolg het by pasiënte wat weerstand teen alle ander vorms van terapie bied.

'n Ander belangrike eienskap is sy vermoë om sy urine-afseidingskrag te behou selfs nadat dit herhaaldelik oor lang tydperke toegedien is. Die feit dat die pasiënt geen weerstand teen die middel ontwikkel nie, gepaard met die afwesigheid van enige betekenisvolle toksisiteit of kontra-indikasies vir die gebruik daarvan, maak chlorotiasied 'n baie waardevolle geneesmiddel, nie alleen vir die behandeling van edeem wat aan feitlik enige oorsaak te wyte is nie, maar ook vir die voorkoming en behandeling van die toksemies van swangerskap.

Hieruit vloei daar die tweede merkwaardige eienskap van die middel, nl. sy effek op hoë bloeddruk. Dit is lank reeds bekend dat die uitwerking van talle hipertensie-bestryders, veral die senuknoopversperringsmiddels, opvallend beïnvloed kan word deur die pasiënt se water- en elektrolitiese ewewig, en NaCl in besonder.

Wilkins[5] het waargeneem dat die kliniese toestande wat met vermeerderde liggaamsvloeistowwe of die behoud van natrium geassosieer is, betreklik min reaksie op hipotensie-middels

3. Laragh, John H., Heineman, Henry O. en Demartini, Felix E. (1958): J. Amer. Med. Assoc., **166,** 145.
4. Ford, R. V. (1957): J. Lab. Clin. Med., **50,** 814.
5. Wilkins, R. W. (1957): New Eng. J. Med., **257,** 1026.

compounds. While it has carbonic anhydrase inhibitor effects *in vitro,* its main action appears to be prevention of tubular reabsorption of sodium, chloride and water. 'Furthermore its effects have been found to be additive to those of meralluride or a carbonic anhydrase inhibitor'[3] or both, and are indicative of different sites and modes of action.[4]

Chlorothiazide acts rapidly (within a matter of 2 hours) and the effect of a dose lasts for some 10–12 hours. The maximum effect is in the first 2–6 hours. It has been claimed to be not only more potent than other oral diuretics, but also equal in its action to parenteral organic mercurials. Furthermore, it is reported frequently to produce a good diuresis in patients resistant to all other therapy.

Another important property is its power to retain its diuretic properties although administered repeatedly over a long period. This lack of development of drug resistance, the absence of any significant toxicity and no known contra-indications make chlorothiazide a valuable drug, not only in the treatment of oedema due to almost any cause, but also in the prevention and treatment of the toxaemias of pregnancy.

This leads to its second remarkable feature, which relates to its action in hypertension. It has long been known that the action of many antihypertensive agents, particularly the ganglionic-blocking drugs, may be markedly influenced by the patient's water and electrolyte balance, and by NaCl in particular.

Wilkins[5] has observed that clinical states associated with increased body fluid or retention of sodium are relatively unresponsive to the hypotensive agents. This is in marked contrast to conditions in which there is a depletion of body fluid and sodium, when the response to these hypotensors is markedly increased. His management of congestive heart failure in hypertensive patients logically led him to employ diuretics (in order to create water and electrolyte balance) before using a hypotensive drug. He has claimed that chlorothiazide is of outstanding benefit in such cases, particularly when used supplementary to other hypotensive drug treatment.

3. Laragh, John H., Heineman, Henry O. and Demartini, Felix E. (1958): J. Amer. Med. Assoc., **166,** 145.
4. Ford, R. V. (1957): J. Lab. Clin. Med., **50,** 814.
5. Wilkins, R. W. (1957): New Eng. J. Med., **257,** 1026.

toon. Dit staan in skerp teëstelling met toestande waar daar 'n tekort aan liggaamsvloeistowwe en natrium is; in sulke gevalle word die reaksie op hierdie hipotensie-middels opvallend verhoog. Sy behandeling van kongestiewe hartversaking by pasiënte wat aan hoë bloeddruk ly, het hom logies gebring by die aanwending van urineafskeimiddels om 'n water-en-elektrolitiese ewewig te skep) voordat hy 'n hipotensie-middel voorgeskryf het. Hy het vasgestel dat chlorotiasied in sulke gevalle van voortreflike waarde is, veral as dit die behandeling met hipotensie-middels aanvul.

Dit skyn asof chlorotiasied *per se* 'n hiptertensiebestrydingseffek het, maar op die oomblik word daar allerweë gemeen dat dit sy behoorlike rol as 'n hipotensie-middel speel alleen as dit saam met ander middels gebruik word. Dit maak die behandeling van hoë bloeddruk heelwat buigbaarder, en verbeter kontrole. Terselfdertyd stel dit die geneesheer in staat om die onaangename newe-effekte van sommige hipotensie-middels te verminder, of heeltemal uit te skakel.

Dit is derhalwe nie verrassend nie dat chlorotiasied houdings-hipotensie oordryf. Dit is iets wat in gedagte gehou moet word wanneer die middel toegedien word saam met senuknoopversperringsmiddels om houdings-induiestorting te voorkom.

Navorsingswerkers oor die algemeen rapporteer dat wanneer chlorotiasied gevoeg word by die middels waarmee nie-edeemagtige hoë-bloeddruk-pasiënte behandel word, dit noodsaaklik is om die dosis senuknoopversperringsmiddels dadelik met soveel soos 50% te verminder, en om dit daarna te wysig om maksimum-effek te verkry. Die vermindering van die senuknoopversperringsmiddels kom gemiddeld op sowat 40% te staan.

Hollander en Wilkins[6] benadruk die doeltreffendheid van chlorotiasied by die beheer van bloeddruk in ‚hoogs weerstandskragtige gevalle van hipertensie, veral dié wat weerstand teen splanchinektomie bied.'

Chlorotiasied se unieke hipotensie- en urine-afskeidingseienskappe word benadruk deur Wilkins[5] wat hom soos volg uitlaat:

‚Dit het geen hopitensiewe of opvallende urineafskeidingseffek by kontrole-pasiënte met normale bloeddruk nie; dit het geen hipotensie-effek by normaal-tensiewe pasiënte wat aan kongestiewe versaking ly nie, maar by hulle het dit wel 'n opvallende urine-afskeidingsuitwerking; dit is hipotensief by sowel gekompenseerde as gedekompenseerde hipertensie-pasiënte (in eersgenoemde geval, sonder kongestiewe hartversaking, het dit geen opvallende urine-afskeidingseffek nie, maar in laasgenoemde geval, met kongestiewe versaking, het dit 'n opmerklike urine-afskeidingsuitwerking) . . . .' Daar word dus gerapporteer dat die middel 'n nie-urine-afskeidingseffek het by nie-edeemagtige pasiënte en 'n nie-hipotensie-effek by nie-hipertensie-pasiënte.

Uit die massa sorgvuldige navorsingswerk waaroor daar reeds verslag gedoen is, blyk dit betreklik duidelik dat chlorotiasied definitief beskryf kan word as 'n middel met 'n tweeledige effek by die behandeling van sowel hoë bloeddruk as edeem. Maar hierdie kragtige terapeutiese aanwins moet met versigtigheid gebruik word. Uit die standpunt van

6. Hollander, W. en Wilkins, R. W. (1957): Boston Med. Quart., **8**, 69.

Chlorothiazide appears to be antihypertensive *per se*, but at present there seems general agreement that its proper role as a hypotensive agent is in combination with other drugs. This introduces great flexibility and improved control into the management of hypertension and, at the same time, permits reduction or elimination of the undesirable side effects of some hypotensive agents.

It is also not surprising that chlorothiazide will exaggerate postural hypotension. This must be borne in mind when the drug is given in conjunction with ganglion-blocking agents, in order to prevent postural collapse.

Investigators generally report that when chlorothiazide is added to the regimen of non-oedematous hypertensives it is necessary immediately to reduce the dosage of the ganglionic blocking agent by as much as 50% and then adjust to obtain optimal effects (averaging about a 40% reduction in the ganglionic agent).

Hollander and Wilkins[6] have stressed the efficacy of chlorothiazide in controlling the blood pressure of 'highly resistant cases of hypertension, especially those resistant to splanchnicectomy'.

Chlorothiazide's unique hypotensive and diuretic properties are emphasized by Wilkins[5] who states:

'It is not hypotensive (or markedly diuretic) in normotensive control subjects; it is not hypotensive in normotensive patients with congestive failure, in whom it is markedly diuretic; it is hypotensive in both compensated and decompensated hypertensive patients (in the former without congestive heart failure, it is not markedly diuretic, whereas in the latter in congestive failure, it is markedly diuretic). . . .'

Thus the drug is reported to be non-diuretic in non-oedematous subjects and non-hypotensive in non-hypertensive patients.

It seems fairly clear, from the mass of careful investigation which has been reported, that chlorothiazide can definitely be described as a dual purpose drug in the management both of hypertension and of oedema. But this potent therapeutic acquisition should be used with due respect. From the standpoint of economy and ease of administration its position may be pre-eminent. However, during prolonged administration of the drug at maximum dosage levels, it would be wise to do periodic determinations of the blood chemistry, since it has such potent effects on the serum electro-

6. Hollander, W. and Wilkins, R. W. (1957): Boston Med. Quart., **8**, 69.

besuiniging en maklike toediening beklee dit 'n uiters belangrike posisie. Tydens die langdurige toediening van maksimum-dosisse van die middel sal dit egter verstandig wees om die bloedskeikunde van tyd tot tyd te ondersoek, aangesien dit so 'n kragtige effek op die serum-elektroliete het en aanleiding tot kaliumuitputting kan gee (wat egter maklik gekontroleer kan word deur 'n kaliumchloried-toevoegsel).[7]

In gevalle van hoë bloeddruk is kleiner dosisse van die middel 1 tot 3 keer per dag gebruik, maar in gevalle van edeem sal toediening op 'n hoër peil gedurende 4 agtereenvolgende dae, en staking gedurende die daaropvolgende 3 dae gewoonlik die pasiënt in stand hou, en tegelykertyd ernstige kaliumuitputting voorkom deur die herstel van die elektrolitiese ewewig moontlik te maak.

Dit is moontlik dat die presiese wyse waarop en die plek waar chlorotiasied te werk gaan nog nie vasgestel is nie. Die gebruik daarvan sal ongetwyfeld hernude belangstelling aanwakker in die fisiologie van die nierbuisies. Afgesien van die verdere lig wat die middel op die funksies van die nier kan werp, skyn dit asof die kliniese belangrikheid daarvan reeds op 'n hegte grondslag berus, en dit moet voortaan ongetwyfeld erken word as 'n belangrike en doeltreffende wapen by die bestryding van edeem en hipertensie.

7. Bayliss, R. I. S., Marrack, D., Pirkis, J., Rees, J. R. en Zilva, J. F. (1958): Lancet, **1**, 120.

lytes and may lead to potassium depletion (readily controlled by a potassium chloride supplement).[7]

In hypertension the drug has been administered in smaller doses 1 to 3 times daily, but in oedematous states administration at higher levels for 4 consecutive days and discontinuation on the 3 following days usually maintains the patient but avoids serious potassium depletion by allowing re-establishment of electrolyte balance.

It is probable that the exact mode and site of action of chlorothiazide is not yet precisely known. Its use will undoubtedly stimulate renewed interest in the physiology of the kidney tubules. Nevertheless, whatever further light the drug may throw on kidney function, its clinical importance seems to have been established and it must henceforth undoubtedly be recognized as a valuable drug in the management of oedema and hypertension.

7. Bayliss, R. I. S., Marrack, D., Pirkis, J., Rees, J. R. and Zilva, J. F. (1958): Lancet, **1**, 120.

ACUTE POLIOMYELITIS*

A STUDY OF THE CLINICAL MANIFESTATIONS OF FIFTY CASES

SEEN AT THE CHILDREN'S HOSPITAL, JOHANNESBURG, DURING THE 1948 EPIDEMIC

WITH SPECIAL REFERENCE TO THE MANAGEMENT IN THE ACUTE PHASE

J. L. BRAUDO, M.B., B.CH., M.R.C.P. (EDIN.)
Johannesburg

This survey records the clinical manifestations in 50 children afflicted with acute anterior poliomyelitis during the 1947–8 Johannesburg epidemic. The diagnosis was made on a clinical basis in all instances. All the cases were seen by the author through the acute stage and again two years later.

The clinical features of poliomyelitis have altered but little over the past 10 years. It was therefore considered appropriate to present the clinical aspects, the handling in the acute phase, and the prognosis of these 50 cases. Furthermore, certain aspects of the clinical features in this series were compared with those seen in epidemics in other parts of the world, viz. America, Malta and South Australia. The report will conclude with a separate section on the differential diagnosis of acute poliomyelitis.

* The References will be published at the end of the concluding article in this series.

I. ETIOLOGY, EPIDEMIOLOGY, HISTORY AND SEASONAL INCIDENCE OF ACUTE POLIOMYELITIS IN JOHANNESBURG

ETIOLOGY

The experimental production of poliomyelitis was first accomplished in 1909.[1] The infecting agent belongs to the group of filterable viruses.

There are 3 main groups of poliomyelitis viruses: type I (e.g. Brunhilde), type II (e.g. Lansing) and type III (e.g. Leon). Analyses of epidemics have shown that type I virus has been responsible for most major epidemics, type III for an occasional one, but no major

epidemic has yet been attributed to type II virus. However, antibodies to the Lansing strains have commonly been found in all parts of the world where endemic poliomyelitis exists.[2]

In this epidemic the poliomyelitis virus was isolated from numerous cases. The Brunhilde type I virus was recovered from most of the specimens examined.[3]

EPIDEMIOLOGY

The study of the mode of transmission of epidemic poliomyelitis has been well clarified by the observations of Wickman.[4] He drew special attention to its contagious character, and his description of the so-called abortive and meningitic forms threw an entirely new light on the obscure question of dissemination. Until then attention was only focussed on the paralytic cases and the possibility that epidemic poliomyelitis could occur without paralysis was not entertained. Since poliomyelitis occurs in epidemics, it must be an infectious disease. Furthermore, the infective agent finds a considerable degree of resistance naturally present in any community. This is proven by the strong tendency of the frankly paralytic types of the disease to appear as isolated cases in a given family or household. However, the occurrence of dual and even multiple infection of the non-paralytic type in one household is not uncommon. In this series involving 14 cases, there were 6 instances of multiple infection with various forms of the disease. In the 1947–8 Johannesburg epidemic there were some 30 instances of multiple infection involving 68 cases out of a total of 623 notified cases.[5] These figures show that direct contact played an important role in the spread of the disease.

HISTORY OF POLIOMYELITIS IN JOHANNESBURG

Poliomyelitis has been endemic in Johannesburg for many years but no widespread outbreak occurred until towards the end of World War I in 1918 when the first epidemic took place. There were 145 cases of which only 6 (4%) occurred in the non-European population. During the following 20 years only 64 cases were notified. From 1939–44, 85 cases were reported and then at the end of World War II followed the 1944–5 epidemic with 201 cases of which 27 (17%) were in non-Europeans. Between 1945 and 1947 only 55 cases were reported. The biggest epidemic occurred in 1947–8 when 721 cases were reported, of which 118 (16%) were in non-Europeans.[5]

